**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

**WAARDE GEDREWE / VALUE DRIVEN**

**2019**

# NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 29 OKTOBER 2019 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

## TEENWOORDIG:

## LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

## ANDER RAADSLEDE

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Voorsitter van Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) |

## AMPTENARE

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. M Crous | : | Direkteur Finansiële Dienste (waarnemend) |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. J Breunissen | : | Direkteur Tegniese Dienste (waarnemend) |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mev. JS Erasmus | : | Interne Ouditeur |
| Mnr. NJ Scheepers | : | Hoof: Sekretariaat & Rekordsbestuur |
| Mev. JM Rosenberg | : | Senior Tikster |

***

AKSIE

**BKN034/10/2019**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Mnr. Graig Beukes (Verkeersbeampte: VD) open die vergadering met gebed, waarna die Voorsitter almal verwelkom by die vergadering.

***

**BKN035/10/2019**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Raadslid AJ du Plooy – ander munisipale verpligtinge
Direkteur Finansiële Dienste (waarnemend) – knie-vervangingsoperasie

***

**BKN036/10/2019**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**BKN037/10/2019**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING: WOENSDAG 25 SEPTEMBER 2019**
**3/3/2/2**

**BESLUIT**

Dat die notule van die vorige vergadering gehou op Woensdag 25 September 2019 bekragtig word.

***SENIOR TIKSTER (JM ROSENBERG)***

***

**BKN038/10/2019**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE**

Geen

***

**BKN039/10/2019**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Voorsitter doen die volgende mededelings tydens sy gesprek met die Direksie, Bestuurders en Hoofde, naamlik:

- Dat dit van kardinale belang is dat hierdie tipe gesprekke moet plaasvind tussen die Raad en die Administrasie;
- Dat goeie samewerking verwag word vanaf die Administrasie;
- Dat ‘n verantwoordelikheidsin van werktrots vanaf Toesighouers afgewentel word tot op die laagste posvlak;
- Dat die visie en waardes van die Munisipaliteit ten alle tye uitgedra word;
- Dat politiek buite die werksplek gehou word;
- Dat die personeel sal fokus om maksimum tyd te bestee aan goeie en volhoubare dienslewering;

- Dat die Administrasie voortbou op die goeie terugvoer wat gelewer word deur die publiek;
- Dat gefokus word op loopbaanontwikkeling tydens die opstel van die Vaardigheidsontwikkelingsplan (WSP) vir die Munisipaliteit;
- Dat die Administrasie sal waak teen nepotisme en innoverend sal wees binne hul direktorate/afdelings; en
- Dat die Verkeersafdeling, plaaslike Buurtwagte en Public Order Police (POP) bedank word vir hul uitstekende ondersteuning tydens die afgelope protesoptogte in Velddrif.

Ten slotte bedank hy die Administrasie vir hul toewyding en ondersteuning, gebied aan die Raad.

Die Voorsitter rig ‘n spesiale woord van gelukwensing aan Mnr. Jackie Sass wat sy 50ste verjaarsdag gevier het op Maandag 28 Oktober 2019.

Die Voorsitter versoek ‘n oomblik van stilte vir die afgestorwe familielede van Raadslede Daniels, Du Plooy, Wessels en die Direkteur Gemeenskapsdienste.

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededeling:

Sy wens die Kantoorpersoneel van die Uitvoerende Burgemeester sterkte toe met die Staptog: “So you think you can walk” en die Burgemeesters gholfdag wat onderskeidelik op Donderdag 31 Oktober 2019 en Vrydag 01 November 2019 in Velddrif sal eindig/plaasvind.

***(Die Bestuurders en Hoofde verlaat die vergadering tydens die breek vanaf 10:50 tot 11:00)***

***

**BKN040/10/2019**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN041/10/2019**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN042/10/2019**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE VOORSITTER: VELDDRIF PROTESOPTOG: OKTOBER 2019**
**9/1/2**

Die Bestuurder: Gemeenskapsfasiliteite lei die item in en gee ‘n bondige samevatting van die item onder bespreking.

**BESLUIT**

1. Dat die Munisipale Bestuurder afsonderlike e-posse sal uitstuur aan die Direkteure, Bestuurders en Hoofde oor watter werknemers direk geraak is deur die protesoptogte en moontlike post-trauma ondersteuning moet ontvang; en
2. Dat die Munisipale Bestuurder bykomende e-posse uitstuur tot punt 1 aan

***MUNISIPALE BESTUURDER (29/10/2019)***

die Raadslede en werknemers vir gesprekke/nabetragting rakende die protesoptogte wat plaasgevind het om 'n formele struktuur in Bergrivier Munisipaliteit te vestig ter voorbereiding van toekomstige protesaksies.

***

**BKN043/10/2019**
**<u>TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE VOORSITTER: TRAJEKTE KAMP PROJEK: PIKETBERG</u>**
**9/1/2**

Die Bestuurder: Gemeenskapsfasiliteite lei die item in en gee 'n bondige samevatting van die item onder bespreking.

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die item terugverwys word na die Gemeenskapsdienste Komitee vir verdere bespreking.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE (05/11/2019)***

***

**BKN044/10/2019**
**<u>DERDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE VOORSITTER: INSIDENT BESERING AAN DIENS ME. ANTHEA BEUKES</u>**
**9/1/2**
***(Die verslag word ter tafel gelê – Bylae A)***

Die Hoof: Verkeer lei kortliks die item in.

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die verslag, soos voorgelê.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

***

**BKN045/10/2019**
**<u>VIERDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE VOORSITTER: VERVREEMDING VAN MUNISIPALE GROND: ERF 3444 PIKETBERG</u>**
**9/1/2**
***('n Gewysigde aanbeveling word ter tafel gelê – Bylae B)***

Raadslid Daniels lei die item in en gee kortliks agtergrond oor die item onder bespreking.

**<u>AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD</u>**

1. Dat die verslag voorgelê word vir bespreking van Raadsbesluit RVN036/07/2019 van 30 Julie 2019; en

2. Dat punt in 1.4 soos vervat in Raadsbesluit RVN036/07/2019 van 30 Julie 2019 se bewoording verander word, om as volg te lees:

   1.4 Dat die waardasie as **verkoopsprys** gebruik word.

***

**BKN046/10/2019**
**VYFDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE VOORSITTER: DEBITEURE NAVRAE EN AANSOEKE OM AFSKRYWING**
**9/1/2**

Raadsdame Crafford lei die item in en gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

**BESLUIT**

1. Dat die persone op Aanhangsel B in die verslag gekontak word en verduidelik word hoe hulle moet handel om 'n tweede rekening te open in die naam van die erfgenaam;

2. Dat waterverbruik van 53kl op rekening nommer 69274 (Maghulapark 693, Redelinghuys) afgeskryf word;

3. Dat die volgende rekeninge ten volle afgeskryf word en die rekening gesluit word:
   3.1 Rekening 61275, CP Smith, Meintjieskraal;
   3.2 Rekening 321, J Titus, Vleistraat, Porterville;

4. Dat 'n bedrag van R2 848.00 op rekening nommer 330560, Betsiestraat 2, Port Owen afgeskryf word;

*DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE (waarnemend)*

5. Dat die volgende rekeninge se bedrae ouer as 30 dae en alle bedrae wat op afbetalingsooreenkomste uitstaande is, afgeskryf word:
   5.1 Rekening 107258, St Christopher Kerk, Laaiplek;
   5.2 Rekening 107280, St Christopher Kerk, Laaiplek;
   5.3 Rekening 20776, J Daniels, N Ottostraat 25 Porterville;
   5.4 Rekening 18093, J Daniels, Leneesingel, Porterville;
   5.5 Rekening 267149, M Carolus, Leneesingel, Porterville;
   5.6 Rekening 15889, Tikkel Tokkel Kleuterskool, Porterville;

6. Dat rekening 15984 se uitstaande bedrae ouer as 30 dae afgeskryf word, sodra die Direkteur van Korporatiewe Dienste bevestig dat die vergunningsgebruik vir 'n huiswinkel goedgekeur of die aktiwiteite op die perseel gestaak is;

*DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE*

7. Dat rekeninge 197413 en 197220, Wheatfields, Piketberg nie aanbeveel word vir afskrywing nie; en

8. Dat individuele versoeke om afskrywing op 'n maandelikse basis aan die Finansiële Dienste Komitee voorgelê word.

*DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE (waarnemend)*

***

**BKN047/10/2019**
**MONITERING VAN WATERKRISIS**
**16/1/1**

Die waarnemende Direkteur Tegniese Dienste gee kortliks terugvoer oor die stand van die watersituasie in Bergrivier Munisipale gebied en lig die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vervolgens in rakende die vordering van die toetsing van die boorgatwater van die NG Kerk, Piketberg en Steynville Senior Sekondere Skool, Piketberg.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN048/10/2019**
**2019/20 QUARTERLY BUDGET AND PERFORMANCE REPORT FOR QUARTER 1: 1 JULY – 30 SEPTEMBER 2019 SUBMITTED IN TERMS OF SECTION 52(d) OF THE MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT, 2003 (ACT 56 OF 2003)**
**15/1/5/5**

The Municipal Manager gave a brief summary of the item under discussion.

**RECOMMENDATIONS: FOR APPROVAL BY COUNCIL**

1. That the quarterly performance report for Quarter 1 (1 July - 30 September 2019) be noted; and

2. That this report be read in conjunction with the Quarterly Budget Report which is submitted to Council in terms of Section 52(d) of the Municipal Finance Management Act, Act 56 of 2003.

***

**BKN049/10/2019**
**AANSTELLING VAN NUWE LID: PRESTASIE- EN OUDITKOMITEE: D MILLER**
**12/2/2/21**

Die Munisipale Bestuurder lei die item in en gee kortliks agtergrond.

**AANBEVELINGS: VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die oorsigfout wat begaan is tydens die evaluering van die aansoeke wat ontvang is vir die vakature op die Prestasie- en Ouditkomitee;

2. Dat Me Roos tans op vier Ouditkomitees dien en dus nie aan die vereistes van die vakature voldoen nie; en

3. Dat Mnr. Denver Miller voorgestel word om as lid van Bergrivier Munisipaliteit se Prestasie- en Ouditkomitee aangestel te word met ingang vanaf 1 November 2019 vir ‘n periode van drie (3) jaar.

***

**BKN050/10/2019**
**VERORDENING INSAKE REËLS VIR DIE HOU VAN VERGADERINGS VAN DIE RAAD VAN BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**1/4/1; 3/3/1**

Die Munisipale Bestuurder gee ‘n kort inleiding tot die item.

**BESLUIT**

Dat die item terugverwys word na die Staande Komitee Korporatiewe Dienste, sodat die Direkteur Korporatiewe Dienste ‘n beleid voorberei en voorlê om die Verordening insake reëls vir die hou van vergaderings van die Raad, te vervang.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**BKN051/10/2019**
**REMUNERATION OF TEMPORARY STAFF AT LIBRARIES**
**4/1/2/4; 4/3/2**

The Municipal Manager gave a brief summary of the item under discussion.

**RESOLUTION**

That the item be reffered back to the Corporate Services Committee for further discussion.

***DIRECTOR CORPORATE SERVICES***

***

**BKN052/10/2019**
**EUNOMIA COMPLIANCE REPORT: SEPTEMBER 2019**
**12/2/2/21**

The Internal Auditor gave a brief summary of the item under discussion.

**RESOLUTION**

That the Executive Mayoral Committee take note of the monthly Eunomia Compliance Report for September 2019.

***INTERNAL AUDITOR***

***

**BKN053/10/2019**
**SEWER CHARGE IN AURORA**
**16/4/1**

The Portfolio Chairperson gave a brief summary of the item under discussion.

**RESOLUTION**

That the item be reffered back to the Financial Services Committee for further discussion.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES (acting)***

***

**BKN054/10/2019**
**NOTULE VAN DIE GEMEENSKAPSDIENSTE KOMITEE VIR KENNISNAME: DINSDAG 03 SEPTEMBER 2019**
**9/1/2**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notule van die Gemeenskapsdienste Komitee se vergadering wat gehou is op Dinsdag 03 September 2019, soos voorgelê.

***KLERK: KOMITEES (V. WILLEMS)***

***

**BKN055/10/2019**
**NOTULE VAN DIE TEGNIESE DIENSTE KOMITEE VIR KENNISNAME: DINSDAG 03 SEPTEMBER 2019**
**9/1/2**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notule van die Tegniese Dienste Komitee se vergadering wat gehou is op Dinsdag 03 September 2019, soos voorgelê.

***KLERK: KOMITEES (V. WILLEMS)***

***

**BKN056/10/2019**
**NOTULE VAN DIE KORPORATIEWE DIENSTE KOMITEE VIR KENNISNAME: WOENSDAG 04 SEPTEMBER 2019**
**9/1/2**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notule van die Korporatiewe Dienste Komitee se vergadering wat gehou is op Woensdag 04 September 2019, soos voorgelê.

***SENIOR TIKSTER (JM ROSENBERG)***

***

**BKN057/10/2019**
**NOTULE VAN DIE FINANSIËLE DIENSTE KOMITEE VIR KENNISNAME: WOENSDAG 04 SEPTEMBER 2019**
**9/1/2**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notule van die Finansiële Dienste Komitee se vergadering wat gehou is op Woensdag 04 September 2019, soos voorgelê.

***KLERK: KOMITEES (V. WILLEMS)***

***

**BKN058/10/2019**
**NOTULE VAN DIE EKONOMIESE ONTWIKKELING KOMITEE VIR KENNISNAME**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN059/10/2019**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN060/10/2019**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN061/10/2019**
**NOTULE VAN DIE PRESTASIE- EN OUDITKOMITEE VIR KENNISNAME: VRYDAG 21 JUNIE 2019**
**8/1/1**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notule van die Prestasie- en Ouditkomitee se vergadering wat gehou is op Vrydag 21 Junie 2019, soos voorgelê.

***SENIOR TIKSTER (JM ROSENBERG)***

***

**BKN062/10/2019**
**NOTULE VAN DIE RISIKOBESTUURSKOMITEE VIR KENNISNAME: WOENSDAG 19 JUNIE 2019**
**8/1/1**

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die notule van die Risikobestuurskomitee se vergadering wat gehou is op Woensdag 19 Junie 2019, soos voorgelê.

***KLERK: KOMITEES***
***(V. WILLEMS)***

***

**BKN063/10/2019**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Geen

***

**BKN064/10/2019**
**IN-KOMITEE: BESLUITE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

**BKN065/10/2019**
**IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

**BKN066/10/2019**
**IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 11:45***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________________ ____________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***